



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

24 Junie 2020

Geagte Tjokkie-ouers

INSAKE TYDELIKE SLUITING VAN SKOOL

Graag wil ek terugvoer gee rakende die positiewe Covid-19 geval van een van ons Gr. 7-leerders by Tjokkies soos wat dit ook vandag in die Volksblad bekend gemaak is. Inligting rakende die uitslag is eers Dinsdag, 23 Junie, ontvang en die skool moes vinnig optree.

Ek kan wel bevestig dat daar een van ons leerders oor die naweek getoets is vir Covid-19. Die leerder het heelwaarskynlik by haar ouers aangesteek, aangesien hulle eerste positief getoets het. Hulle het die skool vroegtydig daarvan ingelig terwyl ons op die uitslag van die leerder gewag het. Hulle het as voorkomingsmaatreël nie hul kind Dinsdag skool toe gestuur nie. Nadat die uitslag as positief ontvang is, het die skool wel volgens die voorgeskrewe protokol opgetree.

Die Departemente van Onderwys en Gesondheid is onmiddellik gekontak om met die leerders sowel as die personeel te praat. Leerders wat in nabye kontak met die positiewe leerder die vorige dag was, se ouers is onmiddellik gekontak. Die aanbeveling deur die Departement van Gesondheid was dat hierdie leerders vir veiligheidsredes vir 14 dae in selfkwarantyn geplaas moet word waar ouers hul toestand moet monitor. Indien daar wel simptome van Covid-19 is, moet hul vir toetsing gaan en die skool moet dadelik daarvoor ingelig word. Onderwysers wat ook in nabye kontak met die positiewe leerder was, is ook aanbeveel om vir die volgende 14 dae tuis te bly.

Op aandrang van die Onderwys Departement is die skool gesluit vir die volgende 72 uur waartydens die skool weer ten volle ontsmet gaan word. Werksaamhede sal op Maandag, 29 Junie, weer soos normaal voortgaan. Die Gr 7-leerders se toetsweek sal dan ook geskuif word tot latere kennisgewing.

Ek wil ouers gerusstel dat alles in ons vermoë gedoen is om almal sover ons kon vasstel wat moontlik in kontak met hierdie leerder was, gekontak is. Ek versoek ouers net weer om asseblief daaglik u kind te assesser voordat leerders skool toe gestuur word.

Dit is 'n baie onsekere tyd waarin ons leef en niemand is gevrywaar van hierdie virus nie. Ek vra dus dat u ook die gesin se privaatheid sal respekteer en die nodige ondersteuning aan die leerder sal gee wanneer die leerder terugkeer na die skool. Die beplanning gaan steeds voort dat Gr. R tot Gr. 3, asook Gr. 6, op Maandag, 6 Julie, sal terugkeer skool toe.

Ten slotte wil ek ouers vra om asseblief nie die spreekwoordelike bobbejaan agter die bult te gaan haal nie. Alles is onder beheer. Volgens ons medewete gaan dit ook goed met die leerder en is daar op hierdie stadium geen simptome wat haar positiewe status met die virus assosieer nie, alhoewel die bloedtoetse anders aandui.

Baie dankie vir u ondersteuning.

Neels Gunter

Skoolhoof